

## ***BETREE DIE CHRISTELIKE LEWE***

**H**ier is 'n opwindende brief van een van ons Bybelskool verteenwoordigers in Afrika:

“Vyf jaar gelede het ek 'n versoek van die Stem van Profesie ontvang om 'n gevangene te besoek wat 'n Bybel Korrespondensieskool-student was. Ek het die versoek aan die gevangenis owerhede gerig wat gretig toestemming gegee het. Omdat die student 'n diep begeerte gehad het om die Bybel te bestudeer, het ek hom gereeld besoek.

“Ongeveer ses maande na my eerste besoek, het hy gevra om gedoop te word en 'n lidmaat van die kerk te word. Die owerhede het ingestem om te voorsien wat ons nodig gehad het vir die doop om plaas te vind binne in die gevangenis. Die bewaarders en ander gevangenes het saamgekom om een van die roerendste doopdienste wat ek nog ooit waargeneem het, te sien.

“Kort daarna is ons broer uit die gevangenis vrygelaat, selfs al het hy nog 'n aansienlike tyd gehad het om uit te dien. Toe ek vra waarom, is aan my meegedeel dat sy lewe so drasties verander het, en dat hy so 'n getuie vir sy Heiland en sy geloof geword het, dat hulle nie langer aan hom kon dink as 'n gevangene nie, of dat hy so behandel kon word nie. Die man is met sy gesin herenig en is nou 'n leier in een van ons groot gemeentes.”

### **1. WAT IS DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP?**

Toe hierdie gevangene 'n Christen geword het en sy lewe heeltemal verander het, waarom was dit belangrik vir hom om gedoop te word? In 'n gesprek met Nikodemus, die gemeenskapsleier wat in die nag na Jesus toe gekom het, het Jesus die belangrikheid en betekenis van die doop duidelik gemaak:

*“Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie ... as iemand nie gebore word uit water en Gees nie,” – Johannes 3:3, 5. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)*

Volgens Jesus moet ons dus gebore word “uit water en die Gees.” “Gebore uit die Gees” dui aan dat ons 'n nuwe lewe binnegaan deur 'n verandering van die verstand en die hart. Omdat dit 'n hele nuwe lewenswyse behels om die koninkryk van God binne te gaan en nie net 'n ou lewe wat reggeplak is nie, word dit die wedergeboorte genoem. Die doop in water is die uiterlike simboliese voorstelling van hierdie innerlike verandering. Ons verteenwoordiger het die gevangene gedoop as 'n erkenning van sy toewyding aan Christus en as 'n simbool van die transformasie wat die Heilige Gees in sy karakter begin het.

### **2. WAAROM MOET EK GEDOOP WORD?**

Ons verlossing wentel om drie van Christus se groot dade:

*“Dat Christus vir ons sondes GESTERF het, volgens die Skrifte; en dat Hy BEGRAWE is, en dat Hy op die derde dag OPGEWEK is volgens die Skrifte.” – 1 Korinthiërs 15:3, 4.*

Christus het verlossing moontlik gemaak deur Sy dood, begrafnis en opstanding.

***“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in SY DOOD GEDOOP IS NIE? Ons is dus SAAM MET HOM BEGRAWE DEUR DIE DOOP in die dood, sodat NET SOOS CHRISTUS UIT DIE DODE OPGEWEK IS deur die heerlijkheid van die Vader, ONS OOK SO IN ‘N NUWE LEWE KAN WANDEL.” – Romeine 6:3, 4.***

Christus het gesterf vir ons sonde, is begrawe en het toe uit die graf opgestaan om aan ons ‘n nuwe lewe van geregtigheid te gee. Deur gedoop te word, neem ons in werklikheid deel aan die dood, begrafnis en opstanding van Jesus. Die doop beteken dat ons gesterf het vir sonde saam met Christus, die ou lewe van sonde begrawe het met Christus, en ons staan op om “‘n nuwe lewe” in Christus te leef. Christus se dood en opstanding word ons dood en opstanding. God kan ons doodmaak vir sonde, asof ons gekruisig is. Hy kan ons lewend maak vir die dinge van die Gees, asof ons opgewek is uit die dood.

Die fisiese handeling van die doop stel grafies die stappe van bekering voor. *Eerstens*, ons word neergelaat in die water, ons word heeltemal onderdompel net soos mense wat gesterf het, neergelaat word in die graf en dan bedek word. Dit wys dat ons gewillig is om saam met Christus te sterf en ons ou lewenswyse te begrawe. Die doop is ‘n begrafnis, ‘n formele vaarwel aan ‘n bestaan waarin die sonde die heerskappy gevoer het. *Vervolgens*, word ons opgelig uit die water deur die een wat ons doop, net soos ‘n persoon uit die graf opgewek word. Dit wys dat ons ‘n “nuwe skepping” is, totaal oorgegee aan die “nuwe lewe” wat God aan ons gee.

Slegs onderdompeling kan die ware betekenis van die doop akkuraat illustreer – dood, begrafnis en herlewing. “Doop” deur besprinkeling kan nie hierdie nuwe geboorte voldoende simboliseer nie.

Wat beteken dit werklik om saam met Christus te sterf?

***“Aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.” – Romeine 6:6.***

Die doop verteenwoordig uitwendig wat ‘n persoon van binne moet doen: gee alles oor aan Christus. As ons enigiets terughou van God, dan is dit waarskynlik dat ons “die sonde sal dien” of ‘n slaaf van die sonde bly. Wanneer ons ten volle aan Christus oorgegee is, sal ons sondige begeertes kragteloos word en ons veranderde lewe begin.

Wie is verantwoordelik vir die verandering wat plaasvind?

***“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar CHRISTUS LEEF IN MY. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek DEUR DIE GELOOF IN DIE SEUN VAN GOD wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” – Galasiërs 2:20.***

Wanneer ek met Christus se kruisiging identifiseer deur die doop, nooi ek ‘n kragtige mag in my lewe in – “Christus leef in my.”

Om jou lewe ten volle in Christus se hande te plaas, moet jy eers na Christus kyk wat op die kruis gesterwe het. Moenie na die sonde wat jou bedreig, kyk nie, moenie na jou verlede kyk en sug nie; kyk na Jesus. Deur te kyk na Christus se genadige en dapper dood op Golgota, kan jy samehorigheid met Hom ondervind: “Deur die mag van die kruis maak ek daarop aanspraak dat ek dood is vir die ou gewoontes en verantwoordend aan God. Ek neem standpunt in saam met Christus. Van nou af gaan ek “Leef deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”

Namate ons put uit die mag van Christus se dood en opstanding sien ons hoedat meer en meer van Sy goeie eienskappe ons ou gewoontes vervang.

***“Daarom as iemand IN CHRISTUS IS, is hy ‘N NUWE SKEPSEL, die OU dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles NUUT geword!” – 2 Korinthiërs 5:17.***

Deur die dood toon ons ons begeerte om arms te sluit met Jesus en ‘n nuwe en beter lewe “in Christus” te leef. Jesus doen dit in ons wat ons nooit vir onself kon gedoen het nie. Ons staan as “‘n nuwe skepsel” op uit die water; Hy gee aan ons die krag om ‘n “nuwe” lewe te leef.

### **3. WAAROM IS JESUS GEDOOP?**

Petrus het met Pinkster aan diegene wat vrylating van skuldgevoelens wou hê, gesê om hulle “te bekeer en gedoop te word” sodat Christus “hulle sonde” kon vergewe (Handelinge 2:38). Aangesien Jesus nooit ‘n enkele sonde gedoen het nie, waarom het Hy dan gevra om gedoop te word?

***“Toe het JESUS van Galilea na die JORDAAN, na Johannes GEKOM om deur hom GEDOOP TE WORD. ...OM ALLE GERECHTIGHEID TE VERVUL.” – Matteus 3:13, 15.***

Jesus was sonder sonde. Hy het nie nodig gehad om Hom te bekeer van enige sonde nie. Hy is vir ‘n ander rede gedoop “om alle gerechtigheid te vervul.” Deur gedoop te word, het Jesus ‘n positiewe voorbeeld vir ons as swak, sondige mensekinders gestel. Christus het nooit Sy volgelinge gevra om êrens te gaan waar Hy nie reeds was nie. Wanneer gelowiges dus in die waters van die doop ingeneem word, volg hulle in die voetspore van die Meester.

Omdat Christus vir ons sondes gesterf het, kan Hy vir ons Sy gerechtigheid gee.

***“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word gerechtigheid van God in Hom.” – 2 Korinthiërs 5:21.***

In God se oë, veranderd van sondaars na heiliges, groei ons in daardie “gerechtigheid” en lewe ons dus ‘n nuwe lewe in Christus.

### **4. WAAROM MOET EK ONDERDOMPEL WORD?**

Christus is met Sy doop onderdompel; Hy is nie met water *besprinkel* nie. Johannes het Hom in die Jordaanrivier gedoop “omdat daar “BAIE WATER” was (Johannes 3:23). Toe Jesus gedoop is, het Hy in die water ingegaan, en “nadat Jesus gedoop [onderdompel, Grieks] was, het Hy dadelik UIT DIE WATER OPGEKLIM” (Matteus 3:16).

Wanneer ons die ware *betekenis* van die doop verstaan, vind ons dit nie baie moeilik om hierdie ware vorm van die doop te herken nie. Die woord “doop” (in Engels baptise) kom van die Griekse woord baptizo wat beteken om te onderdompel, en in Afrikaans beteken “doop” ook om onder die water of ander vloeistof te druk.

In 1737, tydens John Wesley se besoek aan Amerika, het ‘n kerkraad van 34 mans hom voor die gereg gedaag op ‘n vreemde klag naamlik dat “hy geweier het om Mnr Parker se kind te doop, indien hy hom nie kon onderdompel nie.” Dit is duidelik dat die vader van Metodisme sy bekeerdes deur onderdompeling gedoop het.

Die hervormer Johannes Calvyn skryf: “Dit is seker dat onderdompeling die gebruik was in die antieke Kerk.” – *Institutes of the Christian Religion*, Bk. 4, Hfst. 15, Afd. 19.

Die geskiedenis van die vroeë kerk maak dit duidelik dat die doop beteken het die persoon is onderdompel. Dean Stanley, van die Church of England, het geskryf: “Vir die eerste dertien eeue, was die byna universele gebruik van die doop dit waarvan ons lees in die Nuwe Testament, en wat die ware betekenis van die woord doop is – dat diegene wat gedoop is onder die water geplaas is.” – *Christian Institutions*, bl. 21.

Doopvonte waar bekeerdes onderdompel kon word kan gesien word in baie van die kerke wat gebou is tussen die vierde en veertiende eeue in Europa en Asië, kerke soos die katedraal in Pisa, Italië, en St. Johannes, die grootste kerk in Rome.

Dit was nie tot die Raad van Ravenna vroeg in die vyftiende eeu, dat die Katolieke Kerk besprinkeling aanvaar het as gelykstaande aan onderdompeling. Wanneer ons vrae vra oor die gebruike van die kerk, moet ons nie dit volg wat die mense leer nie, maar wat Christus en Sy apostels geleer het.

Baie opregte Christene hou vas aan die tradisie van die doop van babas of klein kindertjies, en om ons kinders aan God oor te gee van die heel begin af, is werklik baie goed. Die Bybel maak dit egter baie duidelik dat ‘n persoon eers van die verlossingsplan moet leer voor die doop (Mattheus 28:19, 20), dat ‘n persoon in Jesus moet glo voordat hy gedoop kan word (Handelinge 8:35-38), en dat ‘n persoon hom moet bekeer van die sonde en vergewe word voordat hy gedoop word (Handeling 2:38). ‘n Baba is nie daartoe in staat om te glo, bekering of belydenis van sonde te ervaar nie, alles wat die doop moet voorafgaan.

## **5. WAAROM IS DIT BELANGRIK OM GEDOOP TE WORD?**

Volgens Jesus, is die doop noodsaaklik vir diegene wat graag hemel toe wil gaan:

***“As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.” – Johannes 3:5.***

Jesus gee net een uitsondering. Die dief aan die kruis is “gebore uit die Gees”, selfs al was dit onmoontlik vir hom om die kruis te verlaat en onder die water te gaan as ‘n teken van die verandering in sy hart. En Jesus het hom belowe dat hy saam met Hom in die koninkryk sal wees (Lukas 23:42, 43). Vir die dief, om “gebore te word uit water en Gees” het gekom deur die bloed van Jesus wat gestort is om hom te reinig van sy sonde. Augustinus het opgemerk: “Daar is een geval van bekering net voor die dood, dit van die bekeerde dief, sodat niemand bevrees hoef te wees nie; maar slegs een, sodat niemand voorbarig moet word nie.”

Jesus gee self hierdie ernstige waarskuwing:

***“Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.” – Markus 16:16.***

Deur in ons plek op Golgota te sterf, het Jesus in die openbaar ‘n demonstrasie gegee van Sy liefde vir ons. Ons moet in die openbaar reageer met ‘n openlike belydenis van ons toewyding aan Christus deur die doop. Het jy ‘n nuwe lewe in Christus begin? Is jy al gedoop? Indien nie, waarom begin jy nie sommer nou voorberei vir die doop nie?

## **6. DIE DOOP IS SLEGS DIE BEGIN**

Die doop stel ons toewyding aan ‘n Christelike lewenswyse voor. Maar ons oorgawe by die doop duur nie vanself vir ‘n leeftyd nie.

Wanneer ‘n kind gebore is, is dit in die haak om dit te vier. Na die geboortedag verby is, en die opwinding afgeneem het, moet die baba daagliks gevoed word, daagliks gebad word en daar word

daaglik omgesien na sy welstand. Dit is baie dieselfde met die doop. Paulus sê van sy ondervinding: “Ek sterf dag vir dag” (1 Korinthiërs 15:31)

Deur daaglik weg te keer van selfsug, word ons meer en meer toeganklik vir Christus.

Die beoefening van die doop, soos die huwelikeremonie, is bedoel om die formele bevestiging te wees dat ‘n wonderlike en groeiende verhouding begin het. Om voortdurend te bly groei, is dit nodig dat ons onself daaglik aan Christus oorgee, ‘n daaglikse ontvangs van ‘n nuwe lewe deur gebed en Bybelstudie.

## 7. ‘N REDE VIR BLYDSKAP

Die doop is ‘n rede vir groot blydskap omdat diegene wat hulle geloof in Christus geplaas het, die versekering het van die ewige lewe. “Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word” (Markus 16:16). Wanneer ons gedoop is, is ons op die opwaartse pad wat ons lei na ewige vreugde.

Die doop vier ook ons geluk saam met Christus op die huidige oomblik. Hy belowe die kosbare gawe van die Heilige Gees aan diegene wat gedoop is (Handeling 2:38). Met die Gees kom “die vrugte van die Gees” – “liefde” wat die lewe vul met “geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en self-beheersing” (Galasiërs 5:22, 23).

Wanneer Jesus in ons woon deur Sy Heilige Gees gee dit aan ons ‘n ongekende gevoel van sekerheid. Want “die Gees self getuig saam met ons ... dat ons kinders van God is” (Romeine 8:15, 16).

Hierdie veilige verhouding met God bring baie voordele, maar dit is dikwels nie ‘n waarborg van ‘n probleem-vrye lewe nie. Om die waarheid te sê, die vyand probeer dikwels om diegene wat net pas ‘n toewyding aan Christus gemaak het, met die grootste moeilikhede toe te gooi. Wanneer ons egter in God se hande is, weet ons dat Hy alles wat met ons sal gebeur, goed of sleg, sal gebruik om ons te leer en te help om te groei (kyk Romeine 8:28).

‘n Jong vrou het ‘n besluit geneem om haar lewe aan Christus toe te wy en gedoop te word, ten spyte van haar man se dreigement om ‘n egskeiding te kry. Hy wou geen deel hê aan haar nuwe geloof nie, maar sy het by Jesus bly vasstaan en probeer om ‘n meer liefdevolle vrou te word as ooit tevore. Vir ‘n lang tyd het haar man dinge baie moeilik gemaak by die huis. Maar uiteindelik is hy oorwin deur ‘n argument wat hy nie kon weerspreek nie: haar veranderde lewe. Die man het sy lewe aan Christus toegewy en hy is ook gedoop.

Deur naby aan Christus te bly deur “dik en dun” sal ons magtige instrumente in Sy hande maak. Ons kan ons lewens onvoorwaardelik aan Hom toewy omdat Hy alreeds die uiteindelige toewyding aan ons gemaak het toe Hy die prys vir ons sondes op die kruis betaal het. Wat ‘n voorreg is dit nie om openlik aan Hom ons liefde en trou te gee nie. As jy dit nog nie gedoen het nie, waarom gee jy nie jou lewe nou aan Christus oor nie. Vra Hom om ‘n nuwe lewe in jou te skep deur die Heilige Gees, en dan word jy gedoop in Christus.